



Die O.B.-lid wat in Kimberley-distrik buite stemming bly, lewer 'n positiewe bydrae tot volkseenheid, want dit sal dr. Malan se oë oopmaak vir die noodsaaklikheid om met ander nasionale Afrikaners 'n verkiesingsfront te skep, om sodoende 'n algemene verkiesing vir die volk te wen.



Die



Die O.B.-lid wat in Kimberley-distrik vir die H.N.P.-kandidaat gaan stem, gee opdrag aan dr. Malan om met sy skeurbeleid van uitskop en boikot teen nasionale Afrikaners voort te gaan, en sodoende weer 'n algemene verkiesing vir die Afrikanerdom te verloor.

VIERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 29 AUG. 1945.

No. 40.

REKORD-UITVOER VAN VRUGTE NA ENGELAND

TEKORT EN ONDERVOEDING IN S.A. GEEN OORWEGING

Vreemde Lojaliteit Op Hol

Die loyaliteit van 'n deel van die bevolking aan 'n buitenlandse staat begin nou sulke ernstige afmetings aanneem dat daar baie gou 'n verandering sal moet kom as die gesondheid van die Suid-Afrikaanse bevolking nie op die altaar van vreemdes gegooi moet word nie.

'n Sieklieke sentiment het onder 'n deel van die Engelse in Suid-Afrika uitgebreek, en dit skyn of die regering hom hierby gaan aansluit. Intussen word die volk met amptelike en half-amptelike verkларings in sy hongerdood gesus.

Oral is daar bewegings aan die gang om voedsel op groot skaal uit te voer na Engeland. Nie omdat die Engelse volk so'n groot behoefte aan voedsel het nie. Intendeel, 'n Engelse weekblad, soos dié van Arthur Barlow, het kort gelede nog verklaar dat Engeland die bes gevoede volk op die oomblik in Europa is, en verder blyk uit die feit dat die Engelse regering weier om dieselfde vir ons produkte te betaal as wat die Suid-Afrikaanse verbruiker daarvoor moet betaal, dat daar geen voedselnood in Engeland kan wees nie.

Nogtans is die lojale Engelse in ons land en die regering so opgeskeep met hul liefde vir Groot-Brittanje, dat hom voedsel teen gesubsidiëerde pryse opgedring word wat hy nie bereid is om ten volle voor te betaal nie. En as hy nie gewillig is om op hierdie grondslag voedsel te ontvang nie, dan word daar georganiseer om dit vir hom present te gee „as blyk van erkentlikheid vir wat die Britse volk tot die oorlog bygedra het“!

ONDERVOEDING

As ons land nog 'n oorvloed voedsel gehad het, en ons harte was verstok genoeg om die hongerdood wat miljoene op die vasteland van Europa in die oë staar, te veronagsaam, kon 'n mens hierdie onsinnige lojaliteitsbetuiging nog sy gang laat gaan het. Maar nou is dit nie die geval nie. Dr. J. M. Latsky, hoof-voedingsbeampte van die Departement van Volksgesondheid, het verlede week in 'n toespraak in Bloemfontein die noodsaaklikheid beklemtoon dat die staat iets moet doen om die volk gevoed te kry, en twee jaar gelede het hy beweer dat 40 persent van ons blanke bevolking ondervoed is.

Tydens die oorlog moes ons volk gebrek ly weens die reuse-uitvoer van voedsel na die oorlogsfronte sowel

as na Engeland. Op die oomblik is daar bytende tekorte aan belangrike voedselprodukte. Botter is so skaars dat middelklas-families van vyf of meer met slegs 'n pond botter per week moet uitkom, as hulle gelukkig genoeg is om dit te kry. Daar is gevalle in Kaapstad waar verwagte moeders etlike weke nooit 'n stukkie botter op tafel sien nie. En intussen hou die burgemeester van Kaapstad hom bedrywig met vertoë by die regering om die uitvoer van een week se botter per maand na Engeland! 'n Mens sou verwag dat hy liever sy aandag sal bestee aan die hongeryndendes binne die gebied waarvan hy die hoof is.

LEMOENE

Vir 'n paar maande al kan sitrusvrugte, wat so noodsaaklik is vir die gesondheid, nie meer vryelik in Kaapstad gekoop word nie. Daar gaan weke verby dat 'n huisvrou geen lemoene te koop kan kry nie, en as daar nog is, word sy beperk tot minder as 'n dosyn — dikwels so groot soos hoendereiers. Die regering het die tekort erken en dit toegeskryf aan natuurlike oorsake. Transvaal se oes is dan glo gedaan, en in Kaapland heers daar 'n droogte. Hierdie onsin en nog meer is amptelik verkondig op 3 Augustus en daar is bygevoeg dat „'n beperkte hoeveelheid“ lemoene uitgevoer word.

Nou kom die Argus verlede week met 'n berig dat sitrusvrugte in Kaapstad na Engeland verskeep word „so vinnig as wat die stuwadore dit kan hanteer“. Daar is reeds 20,000 ton lemoene gedurende hierdie maand verskeep, wat meer is as die gemiddelde per maand voor die oorlog. Dan word verder verklaar dat daar teen die (Vervolg in volgende kolom)

Botter Word Goor Onder Staatsbeheer

Die regering, indien hy die moed het, is 'n verklaring aan die volk verskuldig oor die voedseltoestand en beheermaatreëls.

Is daar werklik so'n nypende tekort aan botter dat talle gesinne in die stede weke lank sonder botter moet lewe?

Na Die O.B. verneem, word daar in die koelkamers vir die afgelope vyf of ses maande botter by die miljoen pond opgestapel wat nie aan die publiek verkoop word nie. Daaglik kom inspekteurs om, wat eerste graadse botter teruggradeer na derde graad. Nie meer as sestig persent van die botterproduksie mag aan die publiek verkoop word nie. Die ander veertig persent word op hierdie wyse weggebêre vir die een of ander bestemming, en raak intussen onbruikbaar.

(Vervolg van vorige kolom)

end van die maand 'n rekord vir alle tye geslaan sal word wat die uitvoer van lemoene betref!

En onderwyl hierdie rekords geslaan word, is daar tienduiseende blankes en honderdduiseende nie-blankes in ons land wat ondergaan weens gebrek aan die nodige voedsel — selfs al het hulle die geld om te koop. En hierdie uitvoer geskied na die „bes gevoede volk van Europa“ as bewys van erkentlikheid vir hul oorlogspoging!

Suid-Afrika het 'n volksregering nodig wat die welvaart van sy eie bevolking op die hart sal dra, en nie dié van vreemde lande nie.

Wat gaan aan?

Met die vleis is dit nie veel anders gesteld nie. Maande gelede is Australiese skaapvleis ingevoer na die Unie. Nadat 'n hardnekkige poging aangewend is om hierdie vuil en onetbare vleis aan Suid-Afrikaanse huisvroue op te dring, onderwyl Suid-Afrikaanse skaapvleis in koelkamers verys word vir uitvoer, is daar glo in aller haas besluit om hierdie vleis na hongeryndende Europa te stuur — na ses maande!

Intussen kan die Suid-Afrikaanse publiek ook nog die weelde ondervind om Amerikaanse blikkiesmelk te koop nadat al die Suid-Afrikaanse produkte uitgevoer is teen 'n laer prys as die Amerikaanse produk!


Leef ons in 'n gekkehuis!

Nee, maar in 'n partypolitieke demokrasie! Die verkiesingsagente aan bewind weet nie om die regte gebruik te maak van koelkamers nie. Hoe kan hulle ook — hul kennis gaan net oor stemwerwy!

GROOT YWER VAN VELD KORNETTE

Veldkornette mev. Innes van Rooyen van Clocolan het die mooi bedrag van £20 uitgewerk vir 8 Aug. Dit is verkry deur die verwerking van afvalle wat onder die kommando versamel is. Alleen die groot ywer wat sy aan die dag gelê het, kon dit besorg het.

Komdte. H. F. van Rooyen voel trots op hierdie ywerige veldkornette en wens haar namens die kommando te bedank.



'n Egte
Suid-Afrikaanse
Produk

Kry dit by u
Handelaar of Apteker

Handelaars: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK,
Pretoria 1900 KAAPSTAD

Indiër-Kolonie In Kalahari

Leke-L.V.'s se Drome

Nadat hy 'n heerlike vakansietoer in geselskap van 'n tien stuks parlementariërs agter die rug het, is sen. Conroy, Minister van Lande, nou besig om aan-sy volgelinge te hêduie wat 'n groot ontdekking hy gedoen het daar in die verre dorsoord. As sekere riviere afgekeer en gekanaliseer word, kan daar ver buite die Unie se grense 'n uitgebreide stuk grondgebied besproei word. Onder die huidige tekort aan rys het een geesdriftige selfs 'n Indiër-kolonie daar in die vooruitsig gestel wat rys kan aanplant!

Dit is die rapport van die leke-onderzoek na die Schwarz-skema in die Kalahari!

Die beste kommentaar op hierdie parlementêre vergesigte is seker dié van 'n leser van die Argus, wat aanbeveel dat die geld, verstand en energie so bestee aan 'n woestyn-onderneming, tot baie groter nut aangewend kan word om grondbewaring binne die Unie aan te pak en honderde verlore plase weer beboubaar te maak.

„Laat ons ons boere op die plase hou wat hulle besit en bewerk, en hul verlore selfstandigheid aan hulle teruggee voordat ons hulle na die Kalahari uitvoer”, is sy advies.

Niemand hoef dan ook te vrees dat daar iets van sen. Conroy se bespiegelings sal kom nie. Die politici is nie eens by magte om die grondvraagstukke onder hul voete aan te durf nie. Laat staan nog daar ver in die Kalahari. En buitendien is daar op die oomblik nog geen stemme in daardie wêrelddeel wat deur die een of ander besproeiingskema gekoop hoef te word nie — tot tyd en wyl natuurlik die partypolitici die stemreg ook uitbrei na die Kalahari-Boesmans, soos in die geval van ouderdomspensioene.

LAAT ONS 'N STAAT STIG SONDER PARTYE

VERANDERING VAN STELSEL NOODSAAKLIK, SÊ A.K.G.

„Met partyskappe sal u nooit verder kom nie. Elke stem vir 'n partykandidaat is 'n stem vir volksverdeelheid”, het Adjunk-K.G. J. A. Smith op 11 Augustus in Bloemfontein gesê by geleentheid van O.B.-dagviering in die Fichardsaal. Genl. Smith het beklemtoon dat die huidige grondwet vereis dat volksgenote mekaar moet beveg, en daarom in die pad van volkseenheid staan.

Die vergadering, wat deur genl. A. van Krimpen met gebed geopen is, is ook toegesprek deur gebiedsgenl. C. L. de Jager.



Genl. J. A. Smith

Die Adjunk-K.G. het onder groot geesdrif aan die woord gekom.

„Die begin van die tweede wêreldoorlog”, het hy onder meer gesê, „het in ons land die twee rigtings van imperialisme en nasionalisme skerp teenoor mekaar gestel. Die nasiona-

lisme is verdeel in 'n menigte van partye. Een van die oorsake van die afhokking in kampe van die Afrikanerdom is dat ons nog steeds soek na die bereiking van 'n ideaal. Dit is nie in die eerste plek te wyte aan persone nie, maar aan die Britse stelsel van bestuur wat ons het. U in die Vrystaat, wat 'n eie regeringsvorm en bestuur gehad het, aan u is met geweld van wapens 'n vreemde stelsel opgedring. U sosiale en ekonomiese lewe is anders as wat u sou gehad het as u in staat sou gewees het om u eie heil uit te werk. Die landswet lê vandag die onchristelike plig aan u op om met mekaar te baklei. Dis die Britse Imperialisme wat u daar toe verplig het. Dis Brittanje wat die aartsyand van die Afrikanerdom is. Omdat u nie 'n eenheidsvolk kan word nie, moet u vir ewig aan die leiband van die Empire loop.

WAARSKUWING

Gedurende ses oorlogsjare het ons verdra en verduur en gely. Daar was uitpattinge. Hoewel ons soveel moontlik geprobeer het om die demper op te sit, was daar persone wat, tot die uiterste geterg, drade geknip en bomme gegooi het. Maar die oorlog is nou verby en ek dink dis nou die oomblik om 'n waarskuwing uit te spreek aan die adres van die Regering en sy Minister van Justisie, dr. Colin Steyn. Ek stel hierdie waarskuwing in die volle besef van my verantwoordelikheid as Adjunk-leier van die Volksbeweging, en as die regering verteenwoordig is deur speurders, doen ek die versoek dat hulle my woorde aan die regte adres sal oorbring: Die vermoë om te verdra en te verduur begin kortraak — as dit, nou die oorlog verby is, bly aangaan soos hier in die Vrystaat, dat ons mense en seuns agter doringdraad gesit word onder noodregulasies, dan sal ons nie langer die demper kan opsit nie en sal daar dinge gebeur wat 'n bietjie erger is as doringdraad knip en bommetjies gooi. En wat my persoonlik betref, daag ek enige polisiedienaar of speurder uit om my aan my nek te kom gryp en te sien of ek my nie sal versit nie. Die tyd van geduldigheid en lydsaam verdra is verby!!

Die kapitalistiese stelsel, waaronder ons nog sug, maar wat op sy laaste bene is, het niks met besitting te doen nie. Dit is die uitbuiting van besit wat daardie stelsel tot so'n pes maak. Ek dink aan die gewetenlose mynmagnate, wat Transvaal in die oorlog gesleep het om sy goud. Daardie stelsel, die sogenaamde demokrasie, is die oorsaak van die feit dat lokomotiewe gestook is met koring, terwyl honderdduisende broodgebrek het. Daardie stelsel het ons ook geleer om mekaar uit te skel en die gesig stukkend te slaan. Dit word aangemoedig. Op die oomblik wat ek

dit sê is al die kerke in die stad besig om voorbereidingsdienste te hou om Nagmaal te vier — die fees van broederlike liefde en eensgesindheid. En tog stap ons, daardie selfde Nagmaalgangers, by deure verby waar armoede heers van die wieg tot aan die graf! U sê dat dit verander moet word — ek stem saam. Maar bedink, dat hierdie verandering alleen moontlik is deur verandering van stelsel — AS DIE VOLK DIE STAAT IS EN DIE STAAT DIE VOLK! Daar is net een beginsel waarop 'n staat kan gebou word: jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Dan kan die beskawing en die Christendom nie tot niet gaan nie.

UITNODIGING

Mede-Afrikaners, die wêreld beweeg. Daardie waarheid van verlossing moet seëvier. Moenie skrik vir 'n gestalte soos van Rusland, wat opstaan nie, selfs nie as die Minister van Justisie een van sy vriende is nie. Dis maar Satan se stuipstrekkinge. Gaan voort op die pad van: Ek is my broer se oppasser. Waarom is u kleingelowig? U sien die wêreldverskynsels. U sien dat Churchill, die aartskapitalis en demokraat, uitgeskop is omdat die mense wil ontwikkel langs die koers van sosialisme. Ons sien die pad so helder — die bestemming wink — en u is net sover van die doel af as wat u energie het om dit te bereik. Dis die daad — u daad wat gevra word. Daarom roep ons die Afrikaners saam. Nie terwille van die O.B. as organisasie nie, maar terwille van die volk. Kom, my mede-Afrikaner, van watter party ookal, jy het invloed in jou kringe en mag — bring daardie en veg saam — julle kommando's en ons kommando's — tot redding van ons Afrikanernasie. Moenie dink, my partyvriend, dat jy ooit deur 'n partyverkiezing jou volk sal verder bring as wat julle Eerste Minister dit vandag gebring het nie. Dis die Volksbeweging wat die lig en krag van die toekoms van ons volk is. En as u die geestelike krag van so'n beweging wil meet, dan moet u let op die oortuiging van die publiek, wat die ideë van daardie beweging insuig. En dan sê dr. Verwoerd op die Kongres van die Transvaalse Jeugbond, volgens verslag in Die Volksblad van 8 Augustus: „Die Nasionalis verlang dus 'n republiek. Aan die hoof moet dien 'n persoon in 'n pos soortgelyk aan die huidige amp van eerste minister met sy kabinet. Die president moenie deur mosies van wantroue of volksraadbesluite verwyder kan word nie, maar sal ook nie in die stryd kom deur hom met gewone administratiewe besonderhede te bemoei nie. Die senaat (moet) afgeskaf word en vervang word deur 'n gemeenskapsraad met adviserende mag . . .” U sien uit hierdie aanhaling van die woorde van dr. Verwoerd, dat die dinge wat u aanhang, ver buitekant die Ossewabrandwag reeds posgevat het. Die ongeluk is dat daardie mense so stadig loop. Jy moet 'n paar V.bomme agter hulle aanstuur. Daarom sê ek: Dr. Verwoerd, bring jy jou kommando's — ons het ons s'n — dat ons hierdie dinge regmaak en 'n partylose staat stig.

Ons gedagtes moet uitgedra word onder die volk. U, my vriende, het nie 'n plek waar u 'n stem kan laat hoor nie. Daarom het ons 'n eie pers gestig, sodat u mede-Afrikaner u gesig kan sien, u stem kan hoor, u mening kan verneem. Maar onthou, het die A.K.G. gesê, MET PARTYSKAPPE SAL U NOOIT VERDER KOM NIE — ELKE STEM VIR 'N PARTYKANDIDAAT, WATTER PARTY OOKAL, IS 'N STEM VIR VOLKSVERDEELDHEID. -(Korr.)

BINNE 10 DAE

'N GESONDER MAN

BINNE 90 DAE

'N STERK MAN

of so nie betaal ek u lesgeld terug.

JOHAN HEFER

se duisende suksesse is
U WAARBORG

Seuns en jong mans verlang
MOOI SPIERE en
REUSE KRAG

Bejaarde mans verlang
BLYWENDE GESONDHEID

JOHAN HEFER voorsien in altwee.

Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in u slaapkamer, sonder dat enigeen daarvan weet.

Billike pryse. Maklike terme.

Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:


JOHAN HEFER
Hefer-Instituut — Bus 3494, Kaapstad.

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

Naam

Adres

Ouderdom



Brief aan my O.B.-Vriend in Kimberley-Distrik

Groot Verantwoordelikheid

Geagte Wapenbroer, — Jy word op die oomblik lastig geval oor jou stem in die tussenverkiesing wat op 5 September plaasvind. Daar word aan jou gesê dat jy vir dr. Malan se kandidaat moet stem, want as jy buite stemming bly, steun jy genl. Smuts. Jou Beweging het jou nog steeds geleer om saam te werk met jou mede-Afrikaner, selfs al beveg hy jou. Ek kan dus goed verstaan dat mense wat jou twee maande gelede uitgeskop het, nou nog kan hoop dat jy vir hulle sal gaan stem. Maar jy moet die feit voor oë hou dat daar 'n baie groot verantwoordelikheid op jou skouers rus. Jy sal moet onderskei tussen 'n hele paar dinge tussen Kimberley-distrik en die Unie; tussen die H.N.P. en jou volk; tussen 'n tussenverkiesing en 'n algemene verkiesing.

Jy staan nou voor die keuse, soos hulle vir jou sê, om te kies tussen dr. Malan en genl. Smuts. Dit is maar 'n halwe waarheid. Daar is baie meer op die spel as dr. Malan of genl. Smuts se kandidaat in Kimberley-distrik. Laat ek dit aan jou baie duidelik stel: Kimberley-distrik gaan besluis wie die aanstaande algemene verkiesing gaan wen. Dr. Malan gaan sy beleid uittoets in Kimberley-distrik — sy beleid van uitskop en geen samewerking. Wen hy Kimberley-distrik, sal hy glo dat hy met sy beleid van stryd teen en uitskop van mede-Afrikaners ook die algemene verkiesing sal wen. Dit sal hom dus die nodige aansporing gee om nooit met die O.B. te versoen nie, want hy sal glo dat O.B.-lede tog in elk geval vir hom sal stem, selfs al skop hy hulle uit en verkondig hy dat hy hulle stemme nie nodig het nie — soos Die Kruithoring doen.

Jou stem, indien jy gaan stem, sal dus eintlik beteken dat jy dr. Malan se uitskop-beleid onderskryf, en dan sal jy meewerk om jou eie doel van volkseenheid te verongeluk. Deur te stem vir dr. Malan se kandidaat op sy grondslag van verwerping van die O.B., sal jy dus eintlik stem teen volkseenheid.

Jy sal dan miskien meehelp om vir dr. Malan nog een ondersteuner in

die parlement te kry — nog 'n teenstander van die O.B. wat gratis sal rondreis om propaganda teen jou Beweging en volkseenheid te maak.

Maar die belangrikste van alles is dat jy jou volk 'n nekslag sal toedien. Jy sal Kimberley-distrik wel aan dr. Malan help besorg, maar die hele Unie bestaan nie net uit Kimberley-distrikte nie. Daar is tientalle setels in die Unie waar dr. Malan nooit sonder die ondersteuning van die O.B. die meerderheid sal behaal nie, en daar is tienduiseende O.B.-lede in daardie kiesafdelings wat nooit weer vir dr. Malan sal stem solank hy volhard met sy verwerping van mede-Afrikaners nie. Deur vir dr. Malan nou te stem, sal jy hierdie Afrikaners in die onaangename posisie plaas om in 'n algemene verkiesing GEEN DEEL TE NEEM in die stryd van hul volk nie. Dr. Malan sal dan met jou stem en al verloor, net soos hy in 1943 verloor het omdat hy geweier het om met sy mede-republikeine saam te werk.

Vir jou is die keuse baie gewigtig. Jy moet kies tussen die wen van Kimberley-distrik en die wen van 'n algemene verkiesing.

Jy moet kies tussen dr. Malan se skeurbeleid en volkseenheid.

Jy moet kies tussen 'n tydelike, onbeduidende oorwinning van 'n party wat jou boonop nog verwerp, en die duursame oorwinning van jou volk.

Deur nou weg te bly, sal jy help om dr. Malan se oë oop te maak vir die noodsaaklikheid om met sy mede-Afrikaners saam te werk. Deur nou te stem vir dr. Malan, sal jy hom aanmoedig om te volhard in sy verwerping en bestryding van sy mede-Afrikaner.


Wat is jou keuse: Wil jy liewer NOU een setel aan genl. Smuts gee om oor 'n paar jaar 'n algemene verkiesing te wen, of liewer nou vir dr. Malan EEN setel gee om oor 'n paar jaar 'n vyftig of meer te verloor?

Jou keuse — as jy verkies om die oproep van jou leier te gehoorsaam deur buite stemming te bly — mag 'n algehele omwenteling in ons politieke lewe teweeg bring. Dit mag ons volk verenig. Broer, jou verantwoordelikheid is groter as wat jy dink!

Mees Dodelike Wapen Teen Duitsers

Die Geallieerdes het voorverlede week aan die Duitsers toestemming verleen om partye te stig. Op die eerste dag is daar glo al drie gergestreer by die Amerikaanse besittingsowerheid. In die Russiese afdeling was daar onlangs al vier in die veld.

Die partystelsel is so'n beproefde wapen om 'n verowerde volk blywend onder te hou, dat die Geallieerdes dit kan waag om die Duitsers binne drie maande na die oorlog toe te laat om hulself politiek te organiseer — mits natuurlik dit op die grondslag van die partystelsel geskied. En hoe meer partye hulle wil stig, hoe magtelos sal die Duitse volk bly — baie magtelos as wanneer die Geallieerdes hulle vir dertig jaar lank sou beset het.



O.B.-LID MISLEIOM TE BEDANK

Veteraan Erken Fout

Gedurende die afgelope week het die plaaslike H.N.P.-orgaan weer soos gewoonlik sedert 1941 die geval is, die O.B. aangeval en afgesluit met 'n brief waarin 'n O.B.-lid bedank uit die organisasie, berig ons korrespondent uit Johannesburg.

In hierdie geval was die slagoffer 'n 65-jarige veteraan uit die Tweede Vryheidsoorlog, wat sedert verlede jaar „bearbei” word. Op een stadium is hom meegedeel: „As jy nie nou uit die O.B. bedank nie, wil die Nasionale Party niks verder met jou te doen hê nie”.

Uiteindelik is 'n getikte bedankingsbrief aan hom voorgelê en hy is beweeg om dit te teken.

Die poging tot ondermyning van ons organisasie het misluk. Aandagtig aan die eed wat hy geneem het, bly 'n kameraad getrou aan die ideaal van volkseenheid.

„Ek voel nou beter”, het hy verklaar, nadat hy die volgende boodskap aan sy volksgenote onderteken het.

7de Laan 10, Roodepoort-Noord. Geagte mede-Afrikaner, ek wil u aandag vestig op my brief wat op 23 deser in Die Transvaler verskyn het, waarvolgens ek bedank het as lid van die Ossewabrandwag. Ek wil hiermee bekend maak dat ek my besluit weer in oorweging geneem het en besluit het om getrou te bly aan die eed wat ek geneem het toe ek lid geword het van die Ossewabrandwag.

Ek is onder die verkeerde indruk gebring wat betref die pensioen van ons Kommandant-generaal en die verkiesing in Kimberley.

Ek voel oortuig dat die Ossewabrandwag, as sy lede hul selfrespek wil behou, geen ander uitweg het as die leiding wat deur die K.G. gegee is, te volg nie. Dit is my innige bede dat die H.N.P.-leiding hierdeur tot besinning gebring sal word en dat dit sal lei tot die erkenning van mede-Afrikaners en hul organisasies as nasionaal en republikeins.

Ek wil hier bevestig dat dr. Hans van Rensburg, ons Kommandant-generaal, nog altyd die hoogste mate van eerbied van my afgedwing het en 'n ereplek in my hart opgeneem het.

Ek het deur my offisiere versoek dat die Grootraad my sal herstel as lid van die Ossewabrandwag. Ek wil nie kies nie, want daardeur sou ek skeur.

Mag God die Afrikanerdom teruglei tot sy eenheid en mag die seën van die Allerhoogste rus op die werk van die manne wat daarna strew.

(Get.) F. A. van Niekerk.

Paarl Monumente-Werke

(Eien.) Bpk.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS
NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:
L. A. B. Bohlmann — M. Bohlmann

Gevestig 1898

'N MOOI LEERSAK

is baie belangrik
by u uitrusting.

Kry dit by

Steyns

Die Dames-Winkel
PAROW

AKSIE!

HANDHAAF U EIE
TAAL!

Stuur u naam, adres en 2/6 ledegeld
(vir eerste jaar)
aan:

SEKRETARIS

HANDHAWERS-
ORGANISASIE

Posbus 180 — Stellenbosch

MARKAGENTSAP

VROEE MÔRE-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDEL-
LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS
OF SOOS VERLANG.

BESTE REESENDE PRYS.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

O.B. se Taak in Kimberley

Indien dr. Malan die tussenverkiesing in Kimberley-distrik wen op grond van sy huidige beleid van nie-samewerking met die O.B. en ander nasionaalgesinde groepe, SAL HY HIERDIE BELEID OOK WIL TOEPAS IN DIE ALGEMENE VERKIESING WAT VOORLÊ. Daar is egter 'n vyftig kiesafdelings of meer in die land waar dr. Malan nie die paal sal haal sonder die ondersteuning van die O.B. nie. Hy sal dan wel Kimberley-distrik nou wen, maar daardie ander setels dan verloor.

• Is dit dan nie beter dat hy nou 'n tussenverkiesing verloor en tot besinning kom voor die algemene verkiesing nie?

• Deur vir hom nou te stem, onderskryf u sy beleid van twis en verdeeldheid en gee u opdrag aan hom om daarmee voort te gaan.

DIE O.B., WOENSDAG, 29 AUG. 1945.

Boere Begeer Verandering

Die oë van die volk raak al meer en meer oop vir die onnatuurlike verteenwoordigingstelsel waarmee ons land opgesaai sit onder die partypolitiek, waar kunsmatig saamgestelde partye die enigste verteenwoordiging in die parlement het. Veral die boeregemeenskap begin in die jongste tyd besef dat hul belange op hierdie wyse nie gedien kan word nie. Landbou-unies hou jaar na jaar kongres sonder dat daar die minste aandag aan hul besluite van owerheidsweë geskenk word. Wat die partypolitici in belang vir 'n geslaagde verkiesing beskou, dit word aangepak, en die res word gelaat.

Dit is dan ook opmerklik hoe die boerevereniginge in die jongste tyd in die rigting van beroepsverteenvoording dink. 'n Maand of wat gelede het die voorsitter van die Waterbergse boerevereniging, mnr. F. C. Kraamwinkel, gepleit vir die stigting van 'n Boere-party. Sy rede vir hierdie voorstel is:

„Die stem van 25,000 vooraanstaande boere deur middel van 'n landbou-unie, verhef, maak nie 'n genoegsame indruk op die departementele hoofde nie, en die antwoorde wat op die besluite ontvang word, is in die meeste gevalle onbevredigend”.

BINNE DIE STELSEL

Hierdie boere meen om die oplossing vir die verwaarloos van boerebelange te vind binne die raamwerk van die parlementêre stelsel deur die stigting van nog 'n party wat suiwer boerebelange sal verteenwoordig. Die doel is egter duidelik — regstreekse verteenwoordiging aan die boere self.

Die Vrystaatse Landbou-unie gaan egter 'n stap verder in die rigting van beroepsverteenvoording. Op sy kongres voorverlede week in Bloemfontein is 'n besluit geneem wat vra dat landbouverenigings die reg moet hê om die minister van landbou self te benoem uit die geledere van die regeringsparty. Vanselfsprekend sal hulle in so'n geval 'n boer uit eie geledere benoem wat ook lid van die regeringsparty is.

Hierdie uitlatings van verantwoordelike boere-organisasies openbaar die leemte wat daar onder die huidige stelsel bestaan. Die vraag is egter of enige van die twee voorgestelde veranderings iets meer as lapwerk sal beteken. Die stigting van 'n boereparty sal net beteken dat die boere hulself gaan isoleer van die res van die volk op 'n grondslag van STRYD. Dit beteken 'n oorlogsverklaring teen die res van die beroepe, waaruit slegs 'n groter kloof tussen volksgeenoot en volksgeenoot sal ontstaan.

ONDER PARTYPLAK

Die ander voorstel, om 'n minister te benoem uit die regeringsparty, sal die boere ook niks meer bevoordeel as wat die kookus van die regerende party se welwillendheid strek nie. Die minister van landbou sal maar nog onder die partyplak staan en teen sy eie mede-boere in die opposisie stelling moet inneem op elke punt van partybeleid. Origens sal die landbou-unies nog maar steeds roependes in die woestyn bly, want hulle sal nog maar net die vryheid hê om besluite te neem waaroor die regering sal moet beslis.

Nee, vir die boere, sowel as vir alle ander beroepe, lê die oplossing in 'n stelsel van beroepsverteenvoording, waar elke beroep sy eie verteenwoordigers in die staatsbestuur benoem, en waar hulle in 'n gees van samewerking kan arbeid in plaas van op oorlogsvoet met mekaar te verkeer, soos in die partypolitiek. En verder so, dat elke beroep ook sy eie huishoudelike sake waarneem in sover dit nie ander lewenskringe raak nie. M.a.w. die boeregemeenskap moet deur middel van sy eie landbou-organisasies selfbesturend word wat hul eie aangeleenthede betref, en verder hul eie verteenwoordigers benoem om in samewerking met ander lewenskringe die gemeenskaplike landsbeleid uit te werk.

Maar hierdie stelsel sal nooit deur die partypolitiek verkry kan word nie, want dit bring mee die verdwyning van politieke partye, en geen party sal daarvoor te vinde wees nie. Dit kan wel bewerkstellig word deur middel van 'n volksfront waarby ook die boere-landbou-unies hul gewig kan ingooi by 'n algemene verkiesing.

Sowjet-Rusland Trek Weswaarts — Onttrek Amerika Hom?

Deur prof. J. A. Wiid.

Daar het gedurende die afgelope paar dae opspraakwekkende ontwikkelings op die gebied van die internasionale politiek plaasgevind. Hierdie ontwikkelings geld in die eerste plek die verhoudings tussen die „Drie Grotes” nl. Sowjet-Rusland, die Verenigde State van Amerika en Brittanje en dit nogal terwyl die vredesklokke nog besig is om te lui! Hulle geld egter ook nie minder die weeropbou en stabiliteit van die na-oorlogse lydende wêreld nie.

AGTER DIE RUSSIESE YSTERGORDYN

Veldm. Smuts het reeds teen die end van Junie in Kanada melding gemaak van „duistere magte wat in Europa ontken is.” Na Smuts het ook Churchill in die Britse laerhuis gepraat van 'n „gewelddige tragedie wat hom afspeel agter die ystergordyn wat Europa tans verdeel.” Die woord „ystergordyn” is ook 'n woord wat Goebbels in dieselfde verband reeds vroeër gebruik het. Eindelik het ook Ernest Bevin, die nuwe Britse minister van buitelandse sake, sy besorgdheid uitgespreek oor wat daar agter die „ystergordyn” plaasvind. Bevin het gewys op die noodsaaklikheid om te verhinder dat die een diktatuur deur 'n ander vervang word, en het Bulgarye, Roemenië en Hongarye genoem as lande met regerings wat nie deur die volkswil verteenwoordig word nie.

Hoewel nie een van die drie gemelde staatsmanne die Sowjet-unie by name noem nie, is dit heeltemal duidelik dat hulle aan wantoestande dink wat in Russiese-beheerde lande heers. Hulle woorde bevat dus in werklikheid 'n beskuldiging en aanklag teen Moskou al word die Russiese bondgenoot neigens genoem nie.

BULGARYE

'n Interessante voorbeeld van bondgenootskaplike onmin en agterdog is die op hande synde algemene verkiesing in Bulgarye. Volgens Anglo-Saksiese standpunt sal die Bulgaarse verkiesing nie op „demokratiese” wyse plaasvind nie en sal die Bulgaarse „volkswil” nie kans kry om tot uiting te kom nie. Die woord „demokrasie” word weer holrug gery en daar word vergeet dat al drie Bondgenote nog tot onlangs so hard juis vir die demokrasie geveg het! Dit is in elk geval duidelik en was ook altyd duidelik dat Moskou, Washington en Londen onder „demokrasie” iets heeltemal verskillend verstaan. Afgesien daarvan dat die woord „demokrasie” as slagwoord en wêreldwyl propaganda-waarde het wat net so misbruik kan word as die woord „nasionaal” op die uithangbord van mnr. Cohen se „National Store” of in die „National Scouts” van die Tweede Vryheidsoorlog, kan ons daarvan oortuig wees dat die here in Washington en Londen nie besorg is oor die „demokratiese regte” van Bulgare, Hongare en Roemeniërs nie maar oor iets heeltemal anders. Hulle is nl. besorg oor die Russiese stoomroller wat weswaarts beweeg en besig is om hierdie state binne die kraal van die Russiese magpolitiek in te sluit. Hulle voel bekommerd daaroor dat Stalin in 'n Dimitrov, die Bulgaarse kommunis, 'n gewillige werktuig het in Bulgarye net soos hy reeds 'n Tito in Suid-Slawië het. Vandaar al hierdie trane in Londen en Washington.

LEIERSKAP IN DIE NUWE EUROPA

In verband hiermee het daar in die Londense Times 'n insiggewende artikel verskyn. (Sien The Cape Argus, 25 Aug. 1945). Volgens hierdie artikel sou „die Weste” in Europa self nie alleen sy ou materiële supremasie verloor het nie, maar loop hy ook gevaar om sy intellektuele en morele leierskap te verloor. In 1940 en 1941 was die verwagtings van Europa nog gevestig op Brittanje. Vandag egter is laasgenoemde sonder twyfel oorskadu deur die V.S.A. en die Sowjet-Unie wat mag en prestige betref. Oos-Europa het onder Russiese heerskappy gekom en die nuwe regeerders verstaan die Brittanje van vandag en van die verlede glad nie. Die Russe beskou die Weste as 'n potensiele vyand en eien hulleself alle krediet toe vir die verslaan van Duitsland. Was dit nie vir Rusland nie dan sou Hitler se Duitsland vir Brittanje vernietig het. Die militêre suksesse van die Russe in die huidige oorlog was oorsaak dat die rewolusionêre intelligentsia van Sentraal- en Oos-Europa in grootse verwagtings hulle blik op die Rooi Leër gevestig het. Dit sou 'n fout wees om te dink dat die nuwe regeerders in die Russies-besette Europa blote strooioppe van Stalin is; hulle is oortuigde rewolusionêres wat in hulle vyandskap teenoor die Weste aan 'n Derde Wêreldoorlog glo. Selfs in Frankryk en Italië is Linksgesindes geneig om die oorlogspoging van Brittanje en die V.S.A. te onderskat.

Terwyl Oos-Europa nooit 'n aangeleentheid van groot gewig vir die Britse buitelandse politiek was nie — die skrywer het waarskynlik die Pole van 1939 vergeet — is die toekoms van Wes-Europa egter van die aller-grootste belang. Aldus die „goed ingeligte” korrespondent van die Londense Times.

DIE TWEDE GEBEURTENIS

Terwyl die „ontplofbare” artikel in die Londense Times aandrang op groter samewerking tussen Westerse lande, het die Amerikaanse bondgenoot sy bruikleen-ooreenkoms met Brittanje sonder oorlegpleging met laasgenoemde beëindig. Dit sou Brittanje in 'n baie ernstige posisie stel. Selfs Churchill noem die Amerikaanse optrede „baie ernstig en onrusbarend” en in Downingstraat sou dit die oorsaak van „much bewilderment” (Vervolg in kol. 2)

CERES VIER FONDS DAG

OP 8 SEPTEMBER 1945

in die

STADSAAL

10.30 v.m. TEE EN VERVERSINGS.

12.30 tot 2 n.m.: LIGTE ETES.

2 n.m.: OPENING VAN BASAAR deur Hoof-genl. P. R. Retief.

Van 4 n.m. tot 6 n.m.: KOFFIE EN BRAAIVLEIS.

Bring seker u jukskeie saam.

8 n.m.: OPENBARE VERGADERING in die STADSAAL.

Spreker:

Adjunk-Kommandant-Generaal J. A. SMITH.

ALMAL WELKOM!

BOEREDOCTERS BYEEN

Op Vrydagaand, 20 Julie, het die Boeredoctors van Newton Park (Port Elizabeth) 'n geslaagde funksie aan die huis van Jeug-kommandante Hattingh gehou, ten einde fondse in te samel vir 8 Augustus. Die opkoms was, ten spyte van gure weer, bevreemdend. Jeug-kommandant Truter het die openingsrede waargeneem. Die ingevorderde bedrag is £3. Die dogters bedank almal hartlik vir die ondersteuning en belangstelling. — (Ingestuur).

(Vervolg van kol. 4)

wees.

Hierdie optrede van die V.S.A. lewer nie alleen bewys o.a. van sy finansiële oormag nie maar ook van die afhanklikheid van sy Britse bondgenoot. Dit kan ook aangeneem word dat die Truman-administrasie in die toekoms minder Anglo-Amerikaans maar meer Amerikaans gaan handel. Dit is 'n gedagte wat reeds geruime tyd in Amerika uitgespreek is. Dit is ook 'n gedagte wat in die Nuwe Wêreld populêr gaan wees, veral na al die sorge van 'n „buitelandse oorlog,” en dit mag ook by die volgende presidentsverkiesing aan Truman stemme besorg.

VRAAG OOR BOLSJEWISME KWEL BRITSE BLAD

Frankryk Voor Tweesprong


Frankryk skyn vandag die proefballon te wees van die Europese politiek. Soos Die O.B. reeds dikwels verklaar het, staan die wêreld voor die eenvoudige keuse om die een of ander vorm van nasionale sosialisme te aanvaar of die kommunisme. In Frankryk word hierdie tweestryd vandag, maar dit is 'n ongelyke stryd, want die kommunisme het vrye spel, terwyl alle ander idees met 'n brutale hand onderdruk word.

In 'n Engelse publikasie, Review of World Affairs, word melding gemaak van die duisende krygsgevangenes wat uit Duitsland teruggekeer het van wie „'n groot aantal” deur die Nazi-filosofie beïnvloed is en „'n politieke gevaar is”.

Verklaar word dat daar in Frankryk 'n onsekere ewewig is tussen die twee uiterste politieke rigtings, hoewel die kommuniste besig is om veld te wen en doelbewus die kanale van inligting tussen die buitewêreld en die ordentlike Franse af te sny. Deur oneerlike metodes — 'n waarnemer het o.a. gesien hoe kommunistiese agente in die nag stembrieffies vervals — en deur skrik-aanjaging probeer die kommuniste hul houvas vergroot. Een berig lui by voorbeeld:

„Duisende en duisende kommuniste het onder die skuilnaam van 'Patriot' hul wapens gehou. Die reggesinde mense swyg. Indien vooraanstaande manne van republikeinse of demokratiese gesindheid sonder gevaar van arrestasie of moord 'n dagblad kan publiseer of vergaderings hou, sal die meerderheid van Frankryk, wat nog gesond is, reageer. Maar dit kan nie sonder hulp gedoen word nie. Op die oomblik is dit te gevaarlik. Binnekort egter sal dit te laat wees. Wat sal die toestand wees as die uitge-

POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



S. J. PRETORIUS van
Bloemfontein.

Is soos gewoonlik op die oggend van 28 Jan. 1942 na sy werk. Toe hy die aand nie opdaag nie, is verneem dat hy voortvlugtig is. Op 22 Febr. is hy op die plaas Bokfontein, Kuruman, in hegtenis geneem. Daarna in Pretoria-tronk aangehou tot 7 Maart. Aangekla van hoogverraad, maar op 8 Julie vrygespreek. Egter nog aangehou tot 22 Julie, toe hy geïnterneer is tot 8 Aug. 1944.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie”.

dunde Brits-Amerikaanse leërs hulle tussen 'n Sowjet-Rusland in die ooste en 'n Sowjet-Frankryk in die weste bevind?”

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

Partypolitiek

Mnr. A. H. Stander, Graaff-Reinet, skryf met verwysing na 'n verkiesingsooreenkoms tussen die plaaslike leiers van die politieke partye met betrekking tot die Skoolraadsverkie-sing as volg:

Waarom moet daar geen politiek, of party-politiek, in plaaslike liggame ingesleep word as die verkiesing van ons belangrikste regerende liggaam (of liggame) daarvolgens moet plaasvind? Party-politiek is goed, of dit is nie goed nie. As dit goed is, moet dit vir alles goed wees; andersom, as dit nie oral goed is nie, is dit nêrens goed nie. Die H.N.P. of Volksparty het tog seker 'n vaste beleid insake onderwys en sodra ons iets prysgee van daardie beleid, deur by voorbeeld toe te laat dat andersdenkendes in staat gestel word om hulle beginsels uit te voer, is ons ontrou aan ons eie beginsels. Hierdie beginsels is natuurlik vas omlyn vir elke afdeling van die openbare lewe en daarom moet elke openbare liggaam in staat gestel word om in sy lewensfeer die omlynde beginsels uit te voer. Om dus te rede-neer dat 'n mens nie in plaaslike liggame partypolitiek moet invoer nie, bring ons dadelik tot die gevolgtrekking dat die beginsels van die party in die oorgrote deel van die volkslewe nie pas nie, want plaaslike liggame maak seker die grootste deel van die volkslewe uit.

Ek is egter persoonlik die leiers van die plaaslike party-politieke liggame baie dankbaar dat hulle deur hul eie toedoen ons noop om te dink dat hulle ook sat is vir die party-politiek en die dag sal toejuig wanneer die gesagstaat daarvoor in die plek sal kom, wanneer ons nie net in plaaslike liggame bokant en buitekant die party-politiek sal staan nie, maar ook in alle sake wat die heil van land en volk raak. — (Heelwat verkort).

Tussenverkiesing In Kimberley

Na aanleiding van die H.N.P. se gesanik oor die O.B.-optrede in die tussenverkiesing Kimberley-Distrik, wys komdt. J. A. Hurter daarop dat dit die H.N.P.-beleid is om O.B.-ondersteuners uit alle rade en komitees te hou, want hulle „kan nie toelaat dat 'n O.B. in 'n magsposisie kom nie”. Ons het ons bloot onttrek aan die verkiesing, skryf hy, maar die H.N.P. het op George verlede jaar met 'n munisipale verkiesing een stap verder gegaan.

'n Paar jaar gelede is hier 'n Burger-belastingbetalersvereniging gestig, en H.N.P.-ondersteuners is in die meerderheid van die lede H.N.P.-on-jaar is toevallig op 'n oop ledeverga-dering twee O.B.-lede en een H.N.P. genomineer om as kandidate van die vereniging te staan.


Daarna is toe op 'n groeplei-vergadering van die H.N.P. opdrag ge-gede om nie vir die O.B. te stem nie, want die O.B.-lede „mag nie in 'n

NADELE VAN PARTYSTELSEL

„Stel u voor dat ons 'n republiek sou hê, en binne daardie republiek regeer ons ons volgens die Engelse partystelsel”, het gebiedsgenl. C. L. de Jager gesê by geleentheid van vergaderings gehou in Kimberley-distrik verlede week.

Genl. De Jager het aangetoon hoe elke volk vir hom 'n staatsstelsel ont-

wikkel. In die geval van Engeland was dit die partystelsel en dit is in 1910 in ons land ingevoer. Spr. het 'n breedvoerige uiteensetting gegee van die menigvuldige nadele van hierdie stelsel, w.o. veral die feit dat volksbelange dikwels versak word ter wille van partybelange. Iets wat



Genl. De Jager

'n ander party sou aanvoer wat beslis in belang van die land sal wees, word bестry omdat jou party nooit mag erken dat die ander reg is nie, want daardeur verloor jy stemme.

Ook die manier waarop kiesafdelings verteenwoordig word, is teen die volksbelang. Fauresmith word verteenwoordig deur 'n advokaat uit Kaapstad, en Winburg deur 'n advokaat uit Bloemfontein. En nou weer word 'n persoon van elders ingevoer om Kimberley te verteenwoordig. Dit gebeur omdat die H.N.P.-leiding van oordeel is dat daar geen persoon in Kimberley-distrik is wat geskik is om die PARTY te verteenwoordig nie, hoewel daar miskien baie sal wees wat goed genoeg is om die kiesers te verteenwoordig.

Kom die verteenwoordigers in die parlement, het hulle geen vrye stem nie, maar moet hulle hul aan die koukus onderwerp. Dit is nie die volk se verteenwoordigers wat die wette maak nie, maar die meerderheidsparty, en hy verteenwoordig maar 'n deel van die volk — dikwels 'n minderheid van die volk.

Om hierdie redes strew die O.B. na 'n ander stelsel waarin volksbelange bo alle seksionele belange gestel kan word. Daarvoor is nodig dat die volk as geheel moet saamwerk en nie gewikkel moet wees in onderlinge, georganiseerde stryd nie.

© In 'n vorige berig is gemeld dat 'n klein funksie op Tiervlei verlede maand £9-19-6 ingebring het. Die veldkornet deel mee dat dit na aftrek van die koste die bedrag van £4-14-6 was.

UITSTEKENDE GELEENTHEDE

vir

Jong Manne

'n Firma wat vinnig uitbrei be-nodig ywerige jong manne as boekhouders, stoormanne en verkopers. Goeie vooruitsigte aange-bied. Besondere geleentheid vir geskikte persone om hulle na bestuurdersposte op te werk. Meld ouderdom, opleiding en ondervinding; en Stuur afskrifte van getuigskrifte en referensies aan:

X — Posbus 1411, Kaapstad.

OPSTOKERY?

Buitestaander skryf:

Wat is die Helwan-moeilikeid se oorsaak? Dis 'n vraag wat baie mense en byna elkeen hom in die afgelope week gestel het. Die soldate is dan ook volgens almal verwag het, seker ontevrede oor die verdrag met die repatriasie-skema van die regering (so word dan ook in die dagblaaie gemeld).

Mens kan egter nie help om jouself af te vra wat mnr. Levin in die kamp gemaak het, en tot hoe 'n mate sy toespraak en teenwoordigheid die saak beïnvloed het nie, te meer as jy sien dat hy 'n afgevaardigde is van die „Springbok Legion”. Hy „de-mand” o.a. „repression of the fifth column in the Union”. Mens sou dink dat hy die laaste een is wat dit kan vra.

Die opinie van die teruggekeerde soldaat oor die algemeen is dat dit 'n klompie ekstremiste is wat deur propaganda en opstoking opgerui is en hulle aan so'n gedrag skuldig gemaak het en also die naam van die Afrikaanse soldaat in ongunstige lig stel.

Pluk die regering nie dalk nou die vrugte van sy vriendelike houding jeens die kommuniste nie? Die regering het hom blind gestaar teen die „roekelose” Ossewabrandwag, maar word hy nie miskien nou deur sy eie honde gebyt nie? Wat is die regering se antwoord hierop?

Voor Stemdag „Volkstryd” — Daarna „H.N.P.-Oorwinning”

Die Volksblad beduie nou aan O.B.-kiesers in Kimberley-distrik dat die tussenverkiesing aldaar 'n stryd van die Afrikanervolk as geheel is. Net so het Die Transvaler 'n jaar gelede ook aan die kiesers van Wakkerstroom beduie. Daar het die O.B.-kommandant sy organisasie agter die H.N.P.-kandidaat ingewerp en die deurslag gegee tot die oorwinning.

Na die verkiesing was dit egter geen „Afrikaner-oorwinning” meer nie, maar suiwer en alleen van die H.N.P. Dit moes dien as voorbeeld van die groei van die H.N.P. in daardie kiesafdeling!

So moes mnr. Robbertse, die O.B.-kommandant, ná die verkiesing o.a. as volg aan Die Transvaler skryf:

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.

Fabrikante van

**Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.**

Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

BEGRAFNISVERENIGING



'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Familie.

Die Lykbesorger in u dorp is ons agent.
**DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN
BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS-
BEPERK.**
(Geregistreer onder die Versekeringwet)
82 Bechtelgebou, Presidentstraat 87,
h/v. Harrisonstraat,
JOHANNESBURG.

EEUFEESPOSKAARTE

1/6

Per Dosyn

SLEUTELKETTINGS

1/6

Posgeld 2d.

FAKKELLOOPPENINGS

Egte Silwer 30/-

Posgeld 4d.

EEUFEESMEDALJES

9d

Posgeld 2d.

UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
Geregistreer onder Wet No. 29 van 1939
Kerkstraat 275
TAKKE.
Johannesburg
Vereeniging
Benoni
Kapaad.

„U praat van die geweldige groei van die H.N.P. waarvan Wakkerstroom o.m. 'n klinkklare bewys gelewer het. Waarom buit u die hartlike samewerking wat ons hier ondervind het uit vir die party? Waarom verkies u ondermynende propaganda bo samewerking? . . . Ek versker u u het meer kwaad aan die saak gedoen as goed. Die Party in Wakkerstroom het nie gegroei nie — dit het agteruit gegaan. Ons het gevra dat ons werk nie uitgebuit mag word vir die Party nie, en nou gaan Die Transvaler dit waarlik doen. Is volkseenheid werklik by u erns? Die pragtige samewerking wat hier was, is versteur, wees daarvan oortuig”.

Net so ook het dr. Karl Bremer voor die verkiesing die goeie bedoelings van die O.B.-leiding erken deur te bedank as direkteur van Die Kruitboring, omdat hierdie blad kort voor die verkiesing gekom het met „skakelstudies” teen die O.B.-leiers. 'n Paar maande ná die verkiesing is aangekondig dat dr. Bremer nou voorsitter van Die Kruitboring se direksie is, wat toe lusinger as ooit teen die O.B. skel.

Niemand sal hom in Kimberley-distrik laat mislei deur die strooptonge van politici nie. 'n Donkie stamp nie sy voet tweemaal aan dieselfde klip nie — nog minder 'n O.B. Laat hierdie mense nou vir eenmaal geleer word dat volkstryd beteken samewerking van alle nasionale Afrikaners!

Bloemfontein In £300

Die Bloemfonteinse kommando's het Saterdag, 11 Augustus, O.B.-dag gevier in die vorm van 'n verkoping in die oggend, en 'n uitstekende maaltyd in die middag, wat deur die vroue van kommando C11 bedien is. Etlike honderde stadgenote het aangesit in die Clarendon-saal.

Die opbrengs van die funksie alleen was £285 vergeleke met £235 verlede jaar. Daar is nog heelwat gelde uitstaande, sodat die bedrag van £300 na verwagting ingevorder sal word.

Op 4 Augustus het die brandwagte van Soutpan 'n funksie gehou ten huise van veldkte. Martie Venter, wat toegesprek is deur genl. A. van Krimpen van Bloemfontein. Die opbrengs het £16 beloop. — (Korr.)

VASCO VOORUIT

Die vroue-kommando van Vasco het baie mooi saamgewerk vir 8 Aug. Die kommandante, mev. A. E. Smeda, het aan 'n paar brandwagte 5/- gegee om mee te woeker, en gevra dat hulle vir haar £3.5.0 moet terugbring. Met uitsondering van 'n paar, het hulle dit ook gedoen. Sommige wou nie woekergeld neem nie, maar het ook hul £3 gebring. 'n Ou weduwee-moeder het die mooi bedrag van £7 gebring, en het nog daarby gesê dat sy jammer is dat dit so min is, maar sy sal beter doen ander jaar.

Daar is baie ywer aan die dag gelê en almal het hartlik saamgewerk om van O.B.-dag 'n sukses te maak. Die kommandante hoop om aanstaande jaar die bedrag te verdubbel, en daarom begin hulle nou reeds weer te werk.

'n Paar nuwe lede het bygekom.

Ondersteun Ons Adverteerders!

Wie dr. Van Rensburg se Pensioen Gegee Het

WANVOORSTELLING DIE KOP INGESLAAN

Die wanvoorstellings van die partypolitici vir propagandadoeleindes maak dit noodsaaklik dat Die O.B. weer eens die kwessie van dr. Van Rensburg se pensioen behandel. Ons het reeds tevore aangetoon in ons blad dat die pensioen wat dr. Van Rensburg van die staat trek — en nie van Sy Majesteit nie, soos H.N.P.-agente verkondig — aan hom gegee is o.a. deur dr. D. F. Malan, adv. Eric Louw, mnr. F. C. Erasmus, mnr. F. H. Boltman, ens.

Nou kom Die Volksblad egter met 'n splinternuwe storie. Op 'n vraag van 'n leser wat wil weet of dr. Van Rensburg nie volgens 'n wet van 1936 sy pensioen van die staat kry en nie van genl. Smuts as vergoeding vir sy O.B.-leierskap nie, kom die blad sonder blik of bloos met die volgende verhaal:

„Dr. Van Rensburg trek 'n staatspensioen volgens wet, wat hy egter ook volgens wet sou verbeur het omdat hy na sy aftrede as administrateur nie na die staatsdiens teruggegaan het nie”.

Waar sou die blad aan hierdie onsin kom? Is dit maar nog 'n voorbeeld van sy onkunde, net soos hy onkundig was van die oorlogsadventensies wat hy self geplaas het en ewe verantwoordig ontken het dat hy een enkele geplaas het, om dan later as dit onder sy oë gehou word, die verskoning te maak dat dit glipse was?

Voor ons lê Hansard No. 9 van 1938 (die pensioen is naamlik in 1938 aan dr. Van Rensburg gegee en nie in 1936 nie) en daarin verskyn die aanbeveling van die Gekose Komitee waarom daar gestem is. Dit lui o.a. as volg:

DIE VOORSTEL

„As hy ophou om Administrateur te wees voordat hy die ouderdom van 60 jaar bereik, word hy daarop weer staatsampenaar, en as daar nie 'n geskikte betrekking in die staatsdiens is waartoe hy kan aangestel word nie, word hy afgedank asof die pos afgedank is, mits daar niks tot sy pensioendraende pos gevoeg word nie behalwe die tien jaar wat hierna vermeld word”.

En hierdie tien jaar waarna verwys word, is dat hy pensioen sal trek asof hy nog tien jaar in die staatsdiens was. Dit is tien jaar wat gevoeg word by sy dienstdaagperk van 12 jaar, d.w.s. hy sou geregtig wees op 'n pensioen asof hy 22 jaar onafgebroke in die staatsdiens was, en teen 'n salaris vir die grootste tyd van £1,800 per jaar — wat hy getrek het as Sekretaris van Justisie.

Nou kom vertel Die Volksblad vir sy lesers dat dr. Van Rensburg nie so 'n pensioen sou gekry het nie, want hy het nie teruggekeer na die staatsdiens nie. Genl. Smuts het dit dan sommerk vir hom persella gegee. „Toe hy aftree om O.B.-leier te word, het genl. Smuts ingewillig dat hy deel van sy pensioen kapitaliseer en die res bly trek asof hy verkies het om na die staatsdiens terug te gaan en daaruit afgetree het”. Aldus Die Volksblad. En dit ondanks die wetsontwerp uitdruklik lui dat hy afgedank kan word as ampenaar met behoud van sy pensioen plus tien ekstra jare se pensioen!

WIE DIT GEGEE HET

Genl. Smuts het maar net die wet uitgevoer waarvoor die volgende persone gestem het op 20 September 1938 (Hansard, par. 3072):

Alexander, M.	Lawrence, H. G.
Allen, F. B.	Liebenberg,
Badenhorst, A. L.	J. L. V.
Badenhorst, C. E.	Long, B. K.
Bain-Maraais, C.	Louw, E. H.
Bekker, S.	Malan, D. F.
Boltman, F. H.	Moll, A. M.
Bosman, P. J.	Mushet, J. W.
Bowie, J. A.	Payn, A. O. B.
Bowker, T. B.	Raubenheimer,
Clark, C. W.	I. van W.
Conradie, J. H.	Rooth, E. A.
Conradie, J. M.	Sauer, P. O.
Conroy, E. A.	Schoeman, N. J.
Deane, W. A.	Smuts, J. C.
De Bruyn,	Steyn, C. F.
D. A. S.	Steytler, L. J.
De Kock, A. S.	Strauss, E. R.
De Wet, H. C.	Strydom,
De Wet, J. C.	G. H. F.
Dolley, G.	Stuttaford, R.
Du Toit, P. P.	Sutter, G. J.
Erasmus, F. C.	Swanepoel, A. J.
Faure, P. A. B.	Trollip, A. E.
Fourie, J. P.	Van Coller,
Goldenhuis,	C. M.
C. H.	Van der Merwe,
Gilson, L. D.	H.
Gluckman, H.	Van der Merwe,
Grobler, J. H.	N. J.
Havenga, N. C.	Van der Merwe,
Haywood, J. J.	R. A. T.
Henderson,	Van Zyl, J. J. M.
R. H.	Venter, J. A. P.
Heyns, G. C. S.	Verster, J. D. H.
Hirsch, J. G.	Viljoen, D. T.
Hofmeyr, J. H.	du P.
Johnson, H. A.	Viljoen, J. H.
Jooste, J. P.	Vosloo, L. J.
Joubert, F. A.	Wallach, I.
Kemp, J. C. G.	Warren, S. E.
Kentridge, M.	Wilkens, Jacob
Klopper, L. B.	Wilkens, Jan
Labuschagne,	Wolfaard,
J. S.	J. van Z.

TEEN die voorstel en dus teen dr. Van Rensburg se pensioen het gestem:

Acutt, F. H.	Madeley, W. B.
Christopher,	Marwick, J. S.
R. M.	Neate, C.
Goldberg, A.	Shearer, V. L.
Hooper, E. C.	

VELDKORNETTE SCHOEMAN OORLEDE

Veldkornette Schoeman, eggenote van generaal John Schoeman, Excelsior, Vlakteplaats, is Saterdag, 25 deser, oorlede. Ons innige meegevoel met die Generaal en familie.

Kimberley-Kiesers Hunker Na O.B.-Beleid

Verkies Samewerking Bo Twis

Die O.B. weier konsekwent om kant te kies teen sy mede-Afrikaner. Hy wil intendeel saamwerk met almal in 'n Volksfront, ongeag lidmaatskap aan homself of aan ander organisasies.

Die H.N.P. daarenteen vereis dat 'n Afrikaner eers oorlog moet verklaar teen sy eie organisasie — en dus mede-Afrikaner — voordat hy suiwer genoeg is vir samewerking met die H.N.P. Met hul partyfront trek hulle los teen alle Afrikaners wat die volk bo die party stel.

Dit is teenoor hierdie idee van volksverdeelheid — die idee van verdeel en heers — wat die Empire na 1902 aan die Afrikanervolk opgedring het — wat die O.B. se eenheidsgedagte so dringend noodsaaklik is. Dit is om die volk te leer om nie met homself te twis nie dat die O.B. sy lede in Kimberley-distrik vra om buite stemming te bly en sodoende hul afkeuring uit te spreek oor party-politieke twis en verdeeldheid. Die politici moet gedwing word om terug te keer na hul volk.

Die H.N.P. moet goed en finaal verstaan dat die volk hom nie wil of sal laat verdeel deur twissieke beroepspolitici nie.

Die Afrikanervolk is 'n natuurlike eenheid, en as 'n eensgesinde geheel gaan hy voortaan die seggenskap oor sy eie sake aanvaar.

Die Afrikanervolk weier ten ene male om hom langer in politieke partye te laat afkraal, om as stemvee na die stembusse gelei te word deur die voorbokke van watter politieke party ookal.

Die keuse in Kimberley-distrik is duidelik. 'n Stem vir die kandidate van of die V.P. of die H.P. is 'n stem vir volksverdeelheid. Deur buite stemming te bly word die aandag gevestig op die volk se begeerte na eenheid.

LEDE SE HOUDING

Hoofkomdt. W. R. Laubscher, Kaaplandse Voorligtingsoffisier, verklaar dat bostaande s.i. die houding weergee van die O.B.-lede in Kimberley-distrik, asook van 'n aansienlike en groeiende aantal kiesers. Sy indruk is dat die mense moeg en sat is van die partystryd. Met stygende teensin en afkeer bejeën die mense die onsmaklike vergadering-geraas en huisbesoek-geskinder en -getwis van die party-agente.

Die mense voel vies en opstandig omdat 'n boel party-agente uit alle oorde van die land op hulle toegesak het en met groot lawaaiigheid hul kandidate aan die kiesers wil opdring. Die kiesers word heen en weer geskreu en verskrik in 'n poging om hulle by die een of ander stembus te laat inhol.

Die mense word moeg vir hierdie petalje. Hulle soek na iets anders — iets verheven om uit die modder te kom; iets ernstiger en minder verspot.

Die O.B. se beleid en strewende vredig hierdie hunkering en bied aan die kiesers iets aan waarna steeds meer en meer mense gryp.

GEEN GEESDRIF

Baie opvallend t.o.v. Kimberley-distrik is die gebrek aan geesdrif vir die verkiesing. Ten spyte van die skoorsoekery en rondjakkery van die party-agente het hulle nog nie daarin geslaag om die so vurig begeerde verkiesingsmanie in Kimberley-distrik te skep nie. In die laaste week van die stryd sal die groot-kanonne van die partye intree. Dis veilig om te voorspel dat hul intredebloedweinig

effek sal hê behalwe in hul partye se koerante.

Hoofkomdt. Laubscher en genl. De Jager het 'n vergadering in die Kimberley-stadsaal toegesprek — die eerste O.B.-vergadering wat in die stadsaal gehou is. Owerigens het hoofkomdt. Laubscher ook op Plooyburg en Modderivier goed bygewoonde vergaderings toegesprek.

DIKTATOR

Komdt. Laubscher het gewys op die verval van parlementêre mag en aangetoon hoe die koukus van die meerderheidsparty in werklikheid die diktator van die land is. Om 'n kandidaat van 'n politieke party te verkies, is om in werklikheid 'n hand-langer toe te voeg tot die koukus-diktator — hetsy van die meerderheids- of minderheidsparty.

Solank die partystelsel in swang bly, sal die volk altyd 'n gekontroleerde volksraad hê. 'n Partylose Volksfront is nodig om vrye verkiesings moontlik te maak, en 'n Volksraad met vrye lede en vrye bespreking.

Voorts het komdt. Laubscher aangevoer dat so'n Volksraad aangevul moet word deur 'n gemeenskapsraad waarin die verteenwoordigers van die volk se beroepe (sy arbeidslewe) sitting sal neem. Hierdie Raad moet die ekonomiese lewe van die volk rig, koördineer en lei. Hierdie Raad moet veral vir die sosiaal-ekonomiese of bestaanslewe van die volk sorg.

Om die bestuurlike organisasie van die volk af te rond, regeer saam met hierdie twee rade 'n vry verkose President met 'n verantwoordelike ministerraad, het komdt. Laubscher verduidelik.

Nadat hy die beleid van die O.B. verduidelik het en die redes waarom die O.B.-leiding 'n beleid van „niet-stem" neergelê het, gemotiveer het, het baie mense na vore gekom en verklaar dat die party-perse hulle nie nou weer sal kan mislei omtrent die O.B.-standpunt nie. Die O.B. is nie pro of anti hierdie of daardie party nie: die O.B. is 'n selfstandige organisasie met sy eie beleid en koers — 'n koers wat aanneemlik is vir 'n oorlogsatte en partypolitiek-moed volk.

O.B.-Lede Pasop!

Ná die verkiesing in Vryburg 'n paar jaar gelede, is sommige O.B.-lede wat hul stem op die H.N.P.-kandidaat uitgebring het, deur H.N.P.-lede daarvan beskuldig dat hulle vir die Sap gestem het. Hulle wou nie glo dat hierdie O.B.'s vir hul kandidaat gestem het nie.

Dieselfde het ook op ander plekke gebeur, waar die enigste dank vir O.B.-stemme die beskuldiging was dat hulle net stembus-toe gekom het om vir die Sap te stem.

Die O.B.-lid wat tuisbly, is gevrywaar van so'n belediging, veral nou dat Die Kruithoring gesê het dat hulle sonder O.B.-stemme kan klaarkom.

OGIES IN DIE NUUS

NYWERHEID ONTWIG

Toe die Suid-Afrikaanse pers 'n jaar of wat gelede foto's geplaas het van „die bes besoldigde werkers" in ons land, naamlik die diamantslypers, wat salarisse trek van £200 per maand, het Die O.B. die aandag van sy lesers gevestig op die neuse van hierdie werkers. Tans kom die Jewish Herald met 'n klag wat openbaar dat hierdie „bes besoldigde werkers" inderdaad merendeels Jode is. Die berig lui as volg:

„'n Vooraanstaande diamantnyweraar het my meegedeel dat die ontvoering na Duitsland van byna 2,000 Joodse diamantslypers ten gevolge gehad het dat die Hollandse diamantnywerheid lam gelê is”.

TEVERGEEFS GEVEG

Die Argus se korrespondent berig uit Italië dat daar nog 100,000 Poolse soldate is wat gehelp het met die deurbraak van die Duitse linies. Neigting persent van hierdie Pole weier egter om na hul „bevryde" land terug te keer in sy huidige toestand.

Hierdie soldate sal seker beste in staat wees om te kan oordeel of die oorlog gewen is, veral as onthou word dat die oorlog gespruit het uit 'n Britse waarborg aan Pole van sy onafhanklikheid.

SAAMWERK EN UITSKOP

H.N.P.-voorbokke, onder wie die hoofredakteur van die Nasionale Pers, dr. A. L. Geyer, en die redakteur van Die Oosterlig, dr. Otto du Plessis, wat ook 'n ere-vice-president is, het meegewerk met die stigting van 'n „saamwerk-klub" in Port Elizabeth, waar Engelse en Afrikaners geleer sal word om saam te werk en 'n „verenigde nasie te bou”.

O.B.-Afrikaners wat 'n paar maande gelede in Port Elizabeth — soos in die res van Kaapland — uit die gelede van die H.N.P. geskop is, wonder maar net of hulle darem ook as deel van daardie nuwe nasie beskou sal word, en indien so, sou dit nie die Engelse se vertroue in samewerking sterker maak as die H.N.P.-leiding met samewerking binne sy eie huis begin in plaas van sy eie bloed by die deur uit te skop nie?

SKULDIGE GEWETE SOEK TROOS

Die Cape Times voel ietwat bekommerd oor die feit dat Amerika vandag die wêreld beheers deur sy besit van die atoombom. Hierdie wapen het Amerika in 'n posisie van wêrelddominasie gebring soos selfs Hitler nie kon regkry, al het hy die oorlog gewen, meen die blad, en dan volg hierdie kostelike stukkie selfvertroosting wat die onderworpe volke binne die Britse Ryk vir baie eeue nooit kon deel nie:

„Die wêreld vertrou Amerika omdat Amerika in die verlede geen begeerte getoon het om ander volke te oorheers nie”.

Wat 'n vertroosting uit die mond van 'n Brit wat die skuldige gewete het dat sy moederland 'n paar eeue lank dit sy roeping gemaak het om ander volke te oorheers! Ja, selfs hierdie goeie Amerika met 'n oorlog probeer onder die knie hou het!

Die middag is die vlaghysings- en strykkingsplegtigheid deur die Wag uitgevoer. Om agtuur die aand is die kommando's op besielende wyse toegesprek deur hfgnl. Jurgens Schoeman van Oudtshoorn. Hy het kragtig die sosiale stryd in ons land geskets en gewys op die onontbeerlike rol van die O.B. as magsfaktor op daardie gebied. Al meer en meer kom Afrikaners, binne sowel as buite die Volksbeweging, tot die noodwendige besef dat nasionalisme in Suid-Afrika alleen kan seëvier indien dit berus op sosiale geregtigheid.

Dwarsdeur die dag was die gees aller-pragtigs en weereens is bewys gelewer dat op Kirkwood die O.B. ten volle lewe en as toonaangewende organisasie die voortou neem.

IN TROEIRAT

Twee lesers van 'n plaaslike Engelse blad het hul koerant meegedeel dat hul horlosies op en sedert VJ-dag begin terugloop het.

Simbolies — sou ons sê — van die feit dat die afgelope oorlog die geskiedenis in die troeirat gewerp het?

PLUIMVEE

Die Beste Pluimvee om u PLUIMVEE, EIERE en ander PRODUKTE aan te skaf is: C. M. ELOFF EN KIE. (Edms.) Beperkt. MOREMARK (Postbus 7185) NEWTON

A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke

Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegelien drie Silber bekere en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsiale Wynskou.

PRYSLYS:

	Per Bottel van 12 Bottels	Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies
WYNSOORTE:		
Speslaal (Soet)	2/6	11/-
Wit Jeripigo	1/9	8/6
Rooi Jeripigo	1/9	8/6
Malmsey	1/9	8/6
Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Rooi Soet Muskadel	1/8	8/-
Soet Port	1/8	8/-
Fort	1/7	7/6
Pontak	1/7	7/6
Worcester Hock	1/7	7/6
Spesiale Sjerrie	1/7	7/6
Sjerrie	1/6	7/-
Ou Bruin Sjerrie	2/3	—
BRANDEWYN:		
Eureka	8/6	—
A 1	8/-	—
Boegoe	7/6	—
LIKEURS:		
Kersie	8/6	—
Van der Hum	8/6	—
Crème de Menthe (Peperment)	7/6	—
Anys	8/6	—
Gemmer	8/6	—
JENEWER	7/6	—
JENEWER-LIKEURS:		
Lemoen	7/6	—
Suurlemoen	7/6	—
„COCKTAIL"	4/-	—
Vermouth (Franse en Itaaliaanse tipes)	2/6	—

GELEWEE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kisse van 12 bottels is.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING OF KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor. Vrakteplaatstasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bus-haltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kisse met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra lê inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vrakteplaatstasie.

WANNEER LEE INHOEERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.

Bestel van
EXCELSIOR WYNMAKERY,
(Elen. John Schoeman)
Postbus 1. Foon 902. Telgr.: EXCELSIOR.
VRAGTEPLAATS-STASIE, K.P.

Geklassifiseerde Advertisements

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensings, ens.)
2d. per woord; minimum 4/- per plasing.
Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

Handelsadvertensies:

Enkele plasinge (voortuitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.
Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasinge: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing.
Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir ses maande.
Vooruitbetaalbaar.

Stuur advertensiebestellings en Intekenings aan:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

DU TOIT. — Aan komdt. en veldkornette Oekie du Toit, Jagersfontein, 'n fris O.B.-seun op 4 Augustus. Dank aan die Gewer.

LE ROUX. — Aan komdt. en mev. Hennie le Roux op 9 Augustus 'n dogtertjie. Dank aan die Gewer. — Electie, Pk. Bultfontein.

HUWELIK

LE ROUX-STEMMET. — Hiermee wens ons, Corrie, enigste dogter van mnr. en mev. Schalk le Roux, van Bonnievale, en Wagkaptein Pieter, seun van mnr. Kowle Stemmet, Barrystraat, Robertson, aan familie en O.B.-vriende(inne) bekend te maak dat ons trou Saterdag, 1 September 1945.

IN MEMORIAM

HUGO. — In tere herinnering aan ons geliefde vader, Jakob Philippus Petrus, van ons weggeeroep op 20 Augustus 1944. Sy voorbeeld bly vir ons 'n bron van inspirasie. — D. en S. Stofberg en Kleinkinders. Werda, Worcester.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
S.A. GRAFSTEEN-EN MONUMENT-WERKE (Eiens.) BEPERK
(Jannie Cille, Besturende Direkteur)
Voortrekkerweg, Maitland.
Foon 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

GROETE

Asst.-Hoofkomde. MOHR van Worcester wens langs hierdie weg al die offisiere en Brandwagte, asook vriende wie sy nie die geleentheid gehad het om te groet voor haar vertrek, alles van die beste toe te wens. Volhard, die toekoms behoort aan ons!

BETREKKING GEVRA

Jong, eerlike en sober Afrikaner soek betrekking in omtrek van Skierland. Weens ongeluk ongeskik vir harde arbeid. Goede getuiskrifte. Skryf aan: ADVERTERDEEL, Prinslooeweg 55, Terviel.

BETREKKINGS VAKANT

BENODIG. — Flukse ongetroude hulpvoorman. Bestuurserslisensie 'n vereiste. Boerdery: wingerd en Jersey-stoetery. Vry losies, beginsalaris f8 per maand. Sluit getuiskrifte in (slegs afskrifte) en meld datum van diensaanvaarding. — ANDRÉ DU TOIT, Paarl-Vallei, N.-Paarl.

BENODIG. — Ongetroude blanke vir ploëry en melkery. Salaris: deel van gesaaides en roomgeld. Eienaar het geen ander hulp nie. Losies vry. — Appliseer: J. J. BROEKMAN, Rietvlei, Pk. Mellidora.

BENODIG. — 'n Flukse, hardwerkende, getroude plaasvoorman. Moet kennis hê van wingerd, tabak en tuin en moet goed met volk kan werk. Bestuurserslisensie 'n vereiste. — Skryf dadelik aan: W. A. DE WAAL, Blaauwklip, Stellenbosch.

DADELIK BENODIG. — 'n Flukse, onge-troude jong man, wat nie bang is vir werk nie en wat graag selfstandig wil word, word gesoek om op 'n samplaas behulpzaam te wees. Werksvolk word aangehou. f5 per maand as aanvangssalaris word aangebied met vry inwoning. Applikaant moet aan N.G. Kerk behoort en lid wees van die Ossewa-Brandwag. — H. D. LE ROUX, Electie, Pk. Bultfontein.

TREKKER-DRYWER vir transportwerk. Veldwede gedurende week. Betroubaarheids, opvasendheid en vlyt vereis. Aanbeveling van plaaslike kommandant 'n absolute vereiste. Betaling volgens diens gelewer. — kan tot f1-10-0 per dag verdien. Meld onderverinding. Aansoek by: Dr. J. NORTJE, Vredendal.

KORRESPONDENSIEKLUB

NOOIENS EN KERELES! Wil julle graag korrespondente hê? Stuur gefrankeerde kovert om gratis besonderhede aan die POSDUIF KORRESPONDENSIEKLUB, Posbus 5, Lothair.

TE HUUR

WEIVELD. — Omtrent 4000 morge uitmuntende weiveld te huur aangebied vir kleinvee. Gemengde veld, kan ongeveer 3000 kleinvee dra. Tree in verbinding met: L. SWANEPOEL, Pk. De Vakte, oor Willowmore.

VAKANSIEPLAAS

Bespreek vroegtydig plek vir u volgende vakansie by Mev. A. BADENHORST, Vergevoegd, Riversdal. Die ideale plaas met sy natuurskoon. Vriendelike behandeling, gerieflike kamers, geurige etes en billike terme.

PERSOONLIK

DROEGTE. — Plant Doringlose Turksvylblaai. Stuur lê sakke: 4/- per sak, gelewer Olifantkloof-halte. Uitstekende veevoer. — MEV. S. KRIEK, Olifantkloof-halte, oor Bloemfontein.

GRYSHARE tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Krulbehandelings vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU“, Bus 7559, Johannesburg.

G. J. VAN DER NEST (oud-geïnterneerde) word gevra om onmiddellik in aanraking te kom met O. L. NEL, „Middleton“, Greytown, Natal.

LEERWERK. — Handgemaakte Noteboeke. In kleur gegraveer, afbeelding Kommandant-Generaal, Ossewabrandwag-wapen. Om Paul, Volksheide, Diere, ens. 30/- Dames-Handsakke 75/- Dasse, O.B.-wapen, 8/6. — Skryf: Veldkornette M. S. VAN DER MERWE, „Brandwag“, P.K. Gilead, P. Potgietersrust.

MEJ. YVONNE PEREIRA, dogtertjie van komde. Pereira van Kuilsrivier, het 'n geslaagde operasie in die Volkshospitaal ondergaan.

POPVERF. — Laat daardie ou poppe kunstig oerf. Deeglike werk. 3/- tot 12/6 volgens grootte en toestand. Verpakking en posgeld ekstra. Mev. P. Wolmarans, Karreduin.

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versum aan ons te stuur. Ons betaal f7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylin. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Lê sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL-EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

VOLSTRUISVERE dringend benodig. Stuur volle besonderhede van lengte, kleur en prys aan: BLIGNAUT, Christoffelstraat 524, Pretoria.

TE KOOP

AARTAPPELS. — Goede uitgeloopte Arran Chief- en Evergood-moere teen f12-6 en Tafelartappels teen f11-0-0 per sak op Le Roux-stasie gelewer. Direk van boer. K.B.A. — Mnr. LE ROUX VAN DER WESTHUIZEN, P.K. De Rust.

DEKRIET. — Beroemde Dekriet 15/6 per 100 bos. V.O.S. Albertinia. Ook alle soorte produkte en groente. Bestel dadelik by: J. S. Badenhorst, Bus 3, Albertinia.

DORSMASJEN. — Een Clayton and Shuttleworth Koring-dorsmasjien met kassier. Altesse se hoofaste op koeflaers. Masjien in perfekte toestand. Stoom-enjin 7 p.k. in goeie toestand, stoomdrukking 100 lb. per vierk. dm. Pryse op aanvraag. — A. J. DE VILLIERS, Barrydale.

20.000 DAGOD-KUIKENS maandeliks verkrygbaar vanaf April. Australpors, Leghorns en kruis van Leghorn en Australorp, teen f6-10-0 per 100 K.M.B. of K.B.A. Almal gebroel van uitgesoekte, sterk, gesonde hoenders. Bestel dadelik om teleurstelling te voorkom, van: H. R. Malan, Weltevrede Pluimveeplaas, P.K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.

FRIES-VERSE. — Pas in melk en wat binnekort in melk moet kom. Twee verskalkers maand oud, f3 elk. — H. LOUW, Vredenhof, Fingrove.

FRIESBUL. — Opreggeteelde Friesbul, 18 maande oud. Gebrand vir subsidie. Pragtige dier. f14. — J. HEWAT, Posbus 11, Prince Alfred's Hamlet.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-. Donker Detroit Beet 10/-. Blomkool: Suiderkruis 20/-. Reliance 25/-. Splitz Kookool 12/6. Koel en Broos Komkommer 15/-. Tom Watson Waaitemoen 16/-. Blaarslaai 22/-. Little Gem Skorsies 12/-. Lang Wit Bos 13/-. Raap 7/6. Uie: Australiese Bruin 6/6. Kaapse Plat 10/-. „Silver King“ 12/6. Almal per pond. 2/- dunderd op halfpound. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

JUKKE. — 5/- elk. Swingsels 4/6 stel. K.M.B. Doen aansoek: H. Gerber, Bus 127, George.

KARROO-KRAALMIS. Gemaal met hamermeul, 100 jaar oud, 35/- per ton, 12 sakke. Kontant met bestelling, gelewer Middleton-stasie. — S. C. NEL, De Rust, P.K. Golden Valley.

KRAALMIS. — Beste kwaliteit Ru Karoo-Kraalmis, 80 jaar oud, gewaarborg vry van klippe en grond, 15/- per ton, gelewer in trokke Willowmore-stasie. Minimum 10 ton. Terme: Kontant met bestelling. — J. N. F. ELS, Willowmore.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

MOTOR. — 10 Perdekrag Deutz-Motor. So goed as nuut, het nog maar min gewerk. Prys f175. Skryf aan P. Beukes, Bus 79, Robertson.

MIS. — Ons beroemde Grikwaland-Wes rumis teen 15/- per ton, V.O.S. ons stasie, minimum bestelling 12 ton. Gemaalde mis 42/6 per ton, gelewer in sakke koper se stasie. 90% ryloos-rabat aan Transvaalse en Natalse boere. Kontant met bestelling aan: SALNOVA SOUTWERKE, Posbus 55, Prieska.

PATATS. — 10/- per sak. V.O.S. Weenen. Kontant met bestelling. — H. J. HEINE, Bus 48, Weenen.

VERJAARDACKETTING

30 AUGUSTUS: Diederick Strydom, Middletonstasie; Jane Snyders, Lambrechtsdrift; Dalina Brits, Bakoven; Christiana Brits, Bakoven; Yootha Pretorius, Malmesbury; Christeen van der Westhuizen, Malmesbury; Anna le Roux, Gumtree.

31 AUGUSTUS: Sophia Smith, Malmesbury; Danie van Zyl, Paarl; Ericka Eilman, Southfield; Auriel Crause, George; Kosi Hane-kom, Malmesbury; Elizabeth Kamfer, Bell-Floris Potgieter, Onseepkans; Maria van Brandt, Carnarvon; Jacobus van Greunen, Kirkwood; Dalene Slabber, Noorder-Paarl; Floris Potgieter, Onseepkans; Maria van Rensburg, Port Elizabeth; Babsie Steene-kamp, Rustenburg; Gert Smit, Orlizstad.

1 SEPTEMBER: Petrus Erasmus, Pietersburg; Anna van Zyl, Waterkloof; Magdalena du Plessis, Boshock; J. Oosthuizen, Maroodraai; Hendrik van Jaarsveld, Mamagallieskraal; Sjaart Nordier, Pansdrift; Hendrina Klue, George; Martha Voeloo; Port Elizabeth; Gert Smit, Port Elizabeth; Andries van Vuuren, Grootdrink; Hendrina van Niekerk, Bellville; Aletta Smit, Bellville; Christo Heekter, Kirkwood; Maria Weyers, Beaufort-Wes; Katrina Brits, Hottentotsrivier; Norman Swart, Groot-Brakrivier.

2 SEPTEMBER: Gesina Vos, Rustenburg; Daniel Coetzee, Boshokrand; Antoine Coetzee, Potchefstroom; Martha Venter, Potsdam; Lucas Janse van Rensburg, Brits; Gert-breggie Liebenberg, Upington; Charel du Plessis, Sutherland; Andries Olivier, Sutherland; John van Rensburg, Leeuwkloof; Petronella Kohler, Port Elizabeth; Dorika van Heerden, Cradock; Johanna Jordaan, Groot-Brakrivier; Catherine Mostert, Bellville-Suid.

3 SEPTEMBER: George Kruger, Koedoeskop; Maria de Fin, Malmesbury; Martha de Vos, Sutherland; Sacharia Fourie, Lambrechtsdrift; A. C. J. Lombard, Somerset-Oos; Willem Bouwer, Kirkwood; A. Malan, Bellville; Maria Engelbrecht, Alheit; Maria Redelichuis, Marchand.

4 SEPTEMBER: Elise Brink, Rustenburg; Gertruida van Dyk, Blokkloof; Maria Tre-doux, Terviel; Cornelia Muller, Sutherland; Izak Delpont, Sheldon-Stasie; Abraham Esterhuizen, Malmesbury; Rienie Fouché, Klein-Brak; Hilda Burger, Brandvlei; Martha van Heerden, Vergevoegd; Wimpie Botha, Franschoek; Johannes Celliers, Beaufort-Wes.

5 SEPTEMBER: D. Last, Heidelberg; Gert Joubert, Boshokrand; Maria Ackermann, Stellenbosch; Truida Nieuwoudt, Stellenbosch; Francois Botha Paarl; Hendrik Wel-deman, Cradock; Johanna Burger, O'okiep; Magaretha le Roux, Goudini; Mercia Coetzee, Loxton; Georgy Nieuwoudt, Maribogo.

TE KOOP

OSSE. — 10 Mak geleerde trekosse, 2½ tot 3 jaar oud, gekruisde Switsers. In goeie kondisie, kan dadelik begin ploeg. Prys f8 stuk. Eienaar is gewillig om dit te laat op Knap-daar-stasie. — D. J. COETZEE, Ventershoop, Pos Venterstad.

PATATRANKE. — Beste rooigrond-patatr-anke, 9/- vir 80 pd.-sakke, sesmaande-ranke; 7/- vir 40 pd. Wit driemaande-ranke; 12/6 vir 1000 steggies borrie. — H. ROELOFSE, P/s. Serpentine, dist. George.

RAMME. — „Die Merino Stoetery.“ Groot karkasse met gladde lywe en wol van uitstaande kwaliteit nog steeds die kenmerke. Pryse uiters billik. Tevredenheid gewaarborg. Besoek of skryf aan: J. H. Moolman, Rusoord, Middelburg, K.P. Foon 412.

SWARTWATTEL, geharde droppers, 5 voet lank, 1 dm. tot 2½ dm. dik op dun punt. f4 per 1000. Vir enigiets in hout vra om kwotasie. K.M.B. V.O.S. Lothair-stasie. — J. T. MARITZ, Lothair.

SOUT. — A1 59/- per ton, nr. 1 54/- per ton onmiddellik gelant te Soutpan. Tevredenheid gewaarborg. — MEV. F. DE BEER, Rusplaas, Pk. Florisbad, oor Bloemfontein.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, badens, sepietse tenks, pilare, vloerties, voertroe. Enig-lits in beton. Direkteur: P. W. en F. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.

WYNE

5 GELLINGS Muscadell-ikeur: f2-12-6; An-ker f3-17-6. 5 Gelling Roof of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port f2-2-6; anker f3-2-0; 5 gelling Roof Soet Muskadel f2; anker f2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muskadel f1-15-0; anker f2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn ge-lewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet terug-gelewer word. J. G. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Pasho G. Roodervale, K.P.

Stigges deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Grootte Kerkgebou, Adderley-straat, Kaapstad en gedruk deur Pro-Eccle-sie-Druckers (Edms.) Beperk Stellenbosch.

NOODHULPFONDS

Ontvangs van die volgende hydraes word met dank erken:

GEBIED „A“

Vanaf 25 Junie tot 25 Julie 1945.
Kommando A: 9a6 f5-7-6; 5a1 en 5a6 f4-16-2; 5b3 en 5b8 f3-11-3; 5c1 3/-; 3c f19-9-1; 9a2 f10; 15c1 f26-3-4; 9b2 f8-0-2; Mr. W. F. Spies, Worcester f1; 4c4 f1-8-0; Vriendin, Kaapstad f1; 6b1 f3-5-0; Vriende, Bellville f2-16-6; 6c1 f5-5-6; 11b3 en 11b8 f16; Veldskoekring 17/6; Veldskoekring 17/2; 1c1 f3-12-0; 8b6 f3-10-8; R. D. Ever-son, Breërivier f1; Karoobossies, Kaapstad f2-2-0; Arbeidsgenot, Kaapstad f2-2-0; 3b7 f3-3-6; 2b2 f3-16-3; Remskoek Tonselver-eniging f4-5-3; 9c1 en 9c6 f2-15; 1a8 f4; Vriend, Kaapstad 7/6; Veldskoekring 16/2; Veld-skoekring 16/-, Totaal f164-11-6.

BOEREJUG-NOODHULPBYDRAES

GEBIED „A“

Vanaf 25 Junie tot 25 Julie.
JA3c6 f1. JA3b1 14/-. Totaal f1-14-0.

GEBIED „B“

Julie 1945

Kommando B: 5a6 f1-10-0; 6a2 f10; G. D. Kotzé, Alwal-Noord 5/-; Laergangers, Boes-mansriviermond f3/3; 5b1 en 6 f1-1-1; 7b1 en 6 (Vryheidsdag) f23-18-0; 8a6 f1-6-4; 2b2 en 7 (Vryheidsdag) f27-12-0; 8a2 f1-11-0; 7b1 en 6 f9-3-0. Totaal f76-19-8.

GEBIED „C“

(Geen verslag ontvang nie).

GEBIED „E“

26 Junie tot 25 Julie 1945.
Kommando E: 1a2 f1; 1b9 f1-11-6; 2a1 f2-10-0; 2a2 f13-5-6; 2a3 f9-14-0; 2a6 f4-6-6; 2a7 f15-14-3; 2a8 f1-14-0; 2b1 f2-18-0; 2b2 f6-3-0; 2b6 f6-2-6; 2b7 f4; 3a2 f1-17-0; 3a6 7/6; 3b1 f2-7-6; 3c1 f3-5-6; 3c4 f2; 3c6 f5-16-6; 4b6 f2-10-0; 4c f1-14-8; 5a1 f2-7-6; 5a3 f1-18-6; 5a6 f4-0-6; 5a7 f4-16-3; 5a8 f1-0-6; 5c1 f16-12-0; 5c2 f9-2-0; 5c3 f34-18-9; 5c6 f14-12-0; 6b1 f2-2-6; 6b6 f4; 6b7 f2-6-2; 7c6 f15-17-0; 8 f4-2-0; 9b1 f1-1-0; 10a7 3-5-0; Gebied E 10/-. Totaal f273-5-11.

BOEREJUG-NOODHULPFONDS

GEBIED „E“

JE1b2 f1; JE2a2 f1-19-1; JE2a7 f1-14-3; JE4 f2; JE5c1 f4-0-6. Totaal f10-13-10.

GEBIED „F“

Julie 1945

Kommando F: 1a6 f4-15-3; 1a8 f4-15-3; 1b6 f11-16-6; 2b7 f2-15-3; 2b8 f2-10-0; 3c7 f4/3; 6a2 f7-6-0; 6a7 f7-7-0; 7b2 f1; 8a6 10/-, Totaal: f43-9-6.

TE KOOP

RU KAROO-KRAALMIS. — Gelewer in trok op my stasie teen 10/- per ton. Kontant met bestelling. — C. SCHMIDT, Wag 'n Bietjie, Honey-Nest-Kloof.

SKAAPHONDE. — Beroemde Border Kollie x Kelpie; nog een reuntje en vyf tefies; hondjies 5 weke oud. Ours uitmuntende wer-kers en baie intelligent, 'n plesier om met hulle te werk. Pryse: reuntjie f1-10-0 en tefies 15/- stuk. — W. J. ROBINSON, Elim, Pos-bus 22, Philippolis.

SKAAPHONDJIES. — Border Collies. Ek het nog net 'n aantal tefies teen f1 stuk, ge-lewer Letjesbosch-stasie. — P. F. RAS, Heuningleepte, Letjesbosch, K.P.

SPEELSKIE. — Bottelskeie 3/9, vier-kantige koppe 4/6; goeie hout. Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.

MEUBELS. — Koop u meubels van Unika Meubels (Eiens.) Bpk., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: VIC-TORIA-WEG 171, Woodstock. Takbesigheid: JAN PHILLIPS-GEBOU, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

TREKKER. — 15/30 McCormick Deering-Trekker op staalwiele. Nuwe suiers (pistons) en hulse (sleeves). Alle geslyte parte deur nuwes vervang en in eerste klas werkende toestand. Inspeksie word versoek. Prys f185. — Adres: P. S. JORDAAN, Bus 149, Kroonstad. Telefoon No. 230, Groenbloem.

ROOIBOSTEE

Spesiaal Gelweek SUIWER

CEDERBERG-ROOIBOSTEE

Bestel direk van die Verpakker

A. J. Mouton,

GELUKWAARTS — CITRUSDAL, K.P.

PRAGTIGE BOME OM TE PLANT TOT BEGIN SEPTEMBER

Royal Appelkoois; Delicious- en Rome Beauty Appels; Bon Chretien-, Packham's Triumph-, Clapp's Favourite- en Beurre Bosc Pere; Kaapse- en Wonder Kwepers; Adriatic-, Genoa-, Kaapse Wit- en Bruin-, Negro Largo Vye; Early Dawn-, Peregrine-, Elberta-, Salway-, Glad-stone Lospit Perskes; Kakamas-, Nooiens-, Pullar's Tuscan-, Wain-wright-, XMK Taaipit Perskes vir aanplanting op groot en klein skaal, aard selfs in koudste dele, Aloha Supreme-, C. O. Smith- en Babcock- Perskes vir Pretoria en warmer en kusstreke.

Hermitage, Wit Frans, Muskadel, Kristal, Barlinka en Waltham Cross-Druive Spesiale pryse aan groot planters. Bestellings met f1 en meer deposito word onmiddellik uitgevoer.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE — Posbus 660 — Johannesburg. Telegramme: HERHOLDTS, EIKENHOF.